

6 Mei

Genesis 32:9-12, (Teks: 32:11,12)

Jakob se gebed 2 (Noem die nood by sy naam)

Jakob se direkte nood was groot. Maar die Here was vir hom groter. Daarom kon hy heel éérste in sy gebed die HERE prys vir sy goedheid. Jakob se nood het egter nog steeds swaar op hom gedruk. Daarom bid hy en dan noem hy dit by die naam: "Red my tog uit die mag van my broer Esau! Ek is bang vir hom".

Jakob kan so bid, want hy beroep hom op Here Self en op wat Hy gesê het: "U het my tog beloof...!"

Só mag ons ook ons nood by die naam noem wanneer ons tot die Here bid. Hy wil dit hoor, al weet hy van alles: "Here, ek is BANG vir hierdie kanker; BANG vir die dood; BANG vir moordenaars, diewe, verkragters, motorkapers... RED my tog!"

Net soos Jakob het ons ook so baie beloftes van die Here waarop ons kan beroep. Jy moenie skaam wees omdat jy kan onthou wat die Here beloof het nie. Inteendeel, sê vir die Here jy onthou wat Hy belowe het. Dat Hy jou bewaar en red, selfs wanneer jy deur vuur moet gaan (Jes. 43:2) of as vyande jou omring (Ps. 89:23) of as jy moet veg teen die vuishoue van die Satan (2 Kor. 12-9). Dat jy onthou dat Hy beloof het: Hy is oral en altyd met jou (Matt 28:20).

En kyk net hoe wonderlik is Jakob se gebed toe verhoor! Lees Genesis 33:4.

Sing: Psalm 34:2,4

Ds. J.H. Cilliers (Standerton)